NVBV Lagoonrylaan 388; Kantoorure: Di - Do 09:00-12:00;
Tel 044 531 6699; epos: office@nvra.co.za;
webblad http://www.nvra.co.za

**MAART 2024**

# PAASVAKANSIE INLIGTINGSBRIEF



**Raai watter jaar?**

Die NVBV vertrou dat alle inwoners en vakansiegangers 'n aangename paastyd in die Vallei sal deurbring. Na aanleiding van ervaringe gedurende die afgelope somerfeesseisoen, bring ons graag die volgende onder almal se aandag:

## Verkeer en veiligheid

In St Andrewsweg is daar as 'n toetslopie twee reekse rooikleurige spoedhobbels aangebring. Terugvoer daaroor sal verwelkom word. Die eerste indrukke is dat dit nie baie effektief is nie.

Fietsryers en mense op rolskaatse behoort te alle tye valhelms te dra.

Die digte plantegroei langs die strate veroorsaak soms beperkte visie, maar die SRA se span maak goeie vordering met die skoonmaak van stroke langs die strate.

**Waterveiligheid**

'n Verdrinking het ongelukkig gedurende die vakansieseisoen tussen die mond en die hoofstrand, waar die lewensredders was, voorgekom. Inwoners en gereëlde besoekers is bewus van die gevare aan ons strand met die strome (riptides) wat soms voorkom. Ons versoek eienaars wat huise uithuur om seker te maak dat vakansiegangers op die hoogte is van die gevare. Die lewensredders moes soms teenstand en selfs beledigings verduur omdat mense nie die beperkings op sekere swemareas verstaan het nie. Weens die lengte van die strand is dit moeilik vir die lewensredders om oral gelyktydig 'n ogie te hou.

Bote wat nie gesluit is nie en langs die lagoon lê, veroorsaak probleme. In die onlangse verlede het twee kinders verdrink. Hulle kon nie swem nie en het 'n kano gebruik wat langs die water gelê het. Daarom word eienaars versoek om bote en kano's behoorlik vas te sluit aan die relings wat daarvoor aangebring is.

**Afval**

Bitou kollekteer afval elke Vrydag vanaf 0730. Huishoudelike afval moet binne bobbejaanbeveiligde dromme (wheeliebins)geplaas word vir afhaling. Herwinbare materiaal word nie deur Bitou afgehaal nie en dit moet by die afvalruimte in die toepaslike ruimtes geplaas word waar dit deur Bitou aangestelde kontrakteurs afgehaal sal word.

Die afvalruimte (waste station)was tydens die hoogseisoen oorvol en daar sal gekyk word na moontlikhede om die kapasiteit daarvan te vergroot. Daar word steeds te veel hersirkuleerbare materiaal tussen die gewone afval gestort. Ons hoop dat ons almal met groter selfdissipline van die herwinningsfasiliteit gebruik sal maak. Daar bestaan 'n behoefte aan beter opgeleide personeel en beter ingeligte vakansiegangers.

Daar is ongelukkig inwoners en huurders wat nie versigtig genoeg is met die beveiliging van *wheelie bins* op Vrydae wanneer afval langs die strate opgelaai word nie. Die deksels moet stewig vasgebind word ten einde te verhoed dat bobbejane toegang tot die afval verkry. As daar meer afvalsakke is as wat binne die *wheelie bin* kan pas, moet dit na die afvalstasie vervoer word en nie langs die straat neergesit word nie. Bobbejane kan dit stukkend skeur en die strate bemors.

Ongelukkig word tuinafval soms langs die paaie, en veral langs die oostelike pas gestort. Maak asseblief seker dat tuindienskontrakteurs van die munisipale fasiliteit naby Old Nick gebruik maak vir die storting van tuinafval.

**Gebruik van publieke areas vir privaat funksies.**

Daar was onlangs 'n insident waar 'n privaat funksie langs die lagoon gehou is. Kos en drank is vanuit 'n mobiele eenheid bedien en dit blyk dat daar geen lisensie daarvoor uitgereik is nie. So 'n geleentheid het gewoonlik nagevolge met die onbeheerde strooi van afval en beskadiging van eiendom. Daar is ook nie toiletgeriewe beskikbaar nie. Toestemming van die Munisipaliteit en van SANParke word benodig wanneer 'n byeenkoms wat groter as 'n gewone familiebymekaarkoms georganiseer word. Indien so geleentheid beplan word, moet daar betyds by die Superintendent, Marco Barnardo aansoek gedoen word vir die nodige permit. Kyk asseblief na die meegaande omsendbrief in dié verband.

**NVBV Komitee**

Die volgende persone dien tans op die 2024 komitee:

As voorsitter en sekretaris is Doug Blaine verantwoordelik vir die skakeling met Bitou Munisipaliteit en die NVT.
James Martin is ondervoorsitter en hanteer finansies, kantooradministrasie, skakeling met SANParke en dien op die SRA Bestuurskomitee.
Rob Nichol is voorsitter van die SRA Bestuurskommitee.
Paul Richards dien op die SRA Bestuurskomitee en hanteer skakeling met die NV Superintendent.
Johann de Wet is ondervoorsitter en verantwoordelik vir beboude omgewingsake , plangoedkeurings en naamborde(signage).
Peter May is verantwoordelik vir nuusbriewe, webblad en skakeling met SAN Parke.
Mark Langton is verantwoordelik vir water, riolering en die riviermond(estuary).
Paul Vlaming is verantwoordelik vir paaie, elektriesiteit en afvalbestuur.
Formele komiteevergaderings vind maandeliks plaas in die NVBV kantoor.

Gekoöpteerde lede sluit in Conrad Wiehahn, Paul Erens, Roy Parkhurst, Bob Schuiling en Ian Palmer.

Kontakbesonderhede vir komiteelede verskyn op die NVBV webblad http://www.nvra.co.za

**Bydraes aan die NVBV**

Die NV Belastingbetalers Vereniging waardeer die ondersteuning van die meerderheid inwoners. 'n Jaarlikse bydrae van R1000 word aanbeveel, maar groter bedrae is uiteraard baie welkom.

Bankbesonderhede: NVRA, Standardbank, Plettenbergbaai, Rek nr 082609217. Onthou die erfnommer en bevestig asseblief betaling by office@nvra.co.za of 0445316699.

**Kontakbesonderhede vir alle eienaars**

Maak asseblief seker dat die kantoor u korrekte kontakbesonderhede het sodat u op hoogte van sake kan bly en maklik in geval van nood bereikbaar is.

Verdere inligting is beskikbaar by:

Annamarie Kovacik office@nvra.co.za 044 531 6699 (Kantoor Bestuurder)

Marco Barnardo mbarnardo@plett.gov.za 044 531 6757 (NV Superintendent

Naturesvalley Trust info@naturesvalleytrust.co.za 044 531 6820

**NV Superintendent**

Die Superintendent vir Natures Valley en Covie, Marco Barnardo se kantoor is in Phyl Martin Park. Sy kantoorure gedurende die vakansie is as volg: Maandag tot Donderdag 07h30 to 16h30, Vrydae 07h30 to 13h30. In noodgevalle kan Bitou Municipal Care line 086 124 8686 geskakel word. Marco kan nie altyd op kantoor wees nie. Laat 'n boodskap by 044 5316757of stuur 'n epos na **mbarnardo@plett.gov.za** .

**Bitou Munisipaliteit Honeysucker Dienste**

Die prosedure om hierdie diens te reël is as volg:

1. Doen die inbetaling aan Bitou.
2. Stuur die bewys van betaling aan Bitou customer care in Plettenbergbaai of na die superintendent se kantoor om die bespreking te doen.

Honey sucker tariewe 01/07/2023tot 30/06/2024
Maandag tot Vrydag – R675,00
Saterdag – R1013,00
Sondag en openbare vakansiedae – R1350,00

Bankbesonderhede:
Standard Bank – Plettenberg Bay
Rekening nommer – Soek na Bitou Munisipaliteit in die besigheidsgids.
Verwysing – 20200629985030 **+** erfnommer.
Die betaling is vir een vrag. Indien die tenk groter is as die vragmotor se kapasiteit, kan vir 'n volgende vrag ook betaal word.

**Noodnommers**

| INSTITUTION | NUMBER | CONTACT PERSON | AREA |
|---|---|---|---|
| Bitou Municipality General enquiries | 044 501 3000 | | Plettenberg Bay |
| Bitou Municipality customer care | 086 124 8686 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| NV & Covie Superintendent | 044 531 6757 | Marco Barnardo | Natures Valley/Covie |
| Power Failures ESKOM | 086 003 7566/ 044 501 4103/4 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| SANPARKS Bloukrans Office | 044 531 6792 | | Bloukrans |
| SANPARKS Standby Ranger | 072 917 4474 | 24/7 | Bloukrans |
| SANPARKS Storms River | 042 281 1607 | | Storms River |
| NSRI | 082 990 5975 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| Mountain search & rescue | 082 339 1240 | Andrew Scott | Crags |
| Traffic/Fire (Emergency only) | 044 533 5000 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| Lawnwood Snake Sanctuary | 044 534 8056 / 082 667 6588 | Michael | Crags |
| Tenikwa (Injured wildlife-Animals) | 044 534 8170 / 082 486 1515 | Mandy | Crags |
| Police | 10111/ 044 501 1900 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| Knysna Provincial Hospital | 044 302 8400 | 24/7 | Knysna |
| Knysna Ambulance Service | 10177 | 24/7 | Knysna |
| Knysna Private Hospital (LIFE) | 044 384 1083 | 24/7 | Knysna |
| Mediclinic Plettenberg bay | 044 501 5100 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| Emergency number from CELLPHONES | 112 | 24-Jul | Area related |
| Clinic - Plett town | 044 501 3700/1/4 | Mon-Fri (07h30 - 16h00) | Plettenberg Bay |
| Clinic - Crags | 044 534 8737 | Mon-Fri (07h30 - 16h00) | Crags |
| Clinic - New Horizon | 044 533 6438 | Mon-Fri (07h30 - 16h00) | Plettenberg Bay |
| Clinic - Kwanokuthula | 044 501 5700 | Mon,Thur,Fri (07h30-16h00) | Plettenberg Bay |
| | | Tues,Wed (07h30-18h00) | |
| Medlife Private Ambulance | 044 533 6444 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| | 079 232 4956/ 076 688 4451 | Warren | Plettenberg Bay |
| ER 24 (Medical aid patients) | 083 320 1199 | 24/7 | Plettenberg Bay |
| PAWS Animal welfare | 083 287 9917 | Tracy | Plettenberg Bay |

Die volgende WhatsAppgroepe is vir die gerief van eienaars beskikbaar :

**NV Sekuriteitsroep**, ge-administreer deur Annamarie Kovacik, NVBV Kantoor 0793085610. Die doel daarvan is om inwoners in kennis te stel van sekuriteitsaangeleenthede en om enige bedreiging van veiligheid aan te meld.

**NVBV-Bitou** ge-administreer deur Marco Barnardo, 071 299 2458
Die groep is om sake soos brandvoorkoming, beskadiging van paaie, verkeersake, bome wat geval het ens. te rapporteer.

**Baboon Alert** ge-administreer deur die NVT, 082 559 1137
Hierdie groep help inwoners om kennis te neem en te gee van bobbejaanbewegings in die Vallei.

**NV Valley Chat** ge-administreer deur Lynn Oberholzer, 072 194 9579.Hierdie groep word hoofsaaklik deur permanente inwoners gebruik om inligting aangaande die vallei te versprei.

**15 February 2024**

Dear Natures Valley residents

In light of the light of the happenings yesterday afternoon at the corner of Lagoon drive and St Andrews, please take note of the below proceedings: Natures Valley is open to the general public to have access to the beach and surroundings and we as Bitou Municipality or SANParks cannot prevent the public from having a party on the beach or other public spaces during daytime, unless it gets out of hand, they are trespassing on private property or if they are using items that is prohibited in that specific area, for example glass on the beach, However when the public is having what we see as a planned event such as birthday parties or wedding ceremonies on the beach or estuary banks, they do need a permit which will address a number of things such as:

- Number of people allowed on the specified area.
- Music.
- Use of glass.
- Open fires.
- Use of generators
- Confetti.
- Cleaning.
- Selling of food to the public.
- It would also make note that even if you are occupying a specific area, the public can still come to the same area if they wish to, unless cordoned off.

If any activity/event taking place in a public area, causes disturbance to residents or if residents are not aware if the event has the necessary permission to take place, please contact the below numbers for clarification, please do not approach the event taking place as things can escalate quickly. Please note that somebody will answer on the below numbers and if it falls within their area they will deal with the situation on hand.
Bitou Municipality Law Enforcement – 044 501 5000 (regarding Noise complaints or the excessive use of alcohol in public areas)
Marco Barnardo (Municipal Superintendent- Natures Valley) – 071 299 2458
SANParks – 072 917 4474

**Honde in die Vallei**




U word vriendelik dog dringend versoek om die Munisipalereëls aangaande honde in Naturesvalley te gehoorsaam. Daar is by elke strandtoegang 'n bord met duidelike riglyne. Honde moet te alle tye op leibande gehou word behalwe in die strandmeer area waar hulle vrylik mag beweeg en speel sonder leibande.
Daar is ook hondeafval sakkies by elke strandingang beskikbaar maar ons moedig mense aan om hulle eie sakkies te voorsien. Dit is verpligtend om honde afval op te tel en in 'n asblik te gooi.



**Natures Valley in 1956**

Reis veilig en geniet 'n aangename vakansie!

